


## WEEK 3: 10-16 Junie (dag 15-21)

### DAG 15 (10 Junie)

**Galasiërs 4:6** "En omdat ons sy kinders is, het God die Gees van sy Seun in ons harte gestuur en in ons roep Hy uit: "Abba, dit beteken: Vader!"

*Jesus het onsself geleer dat ons kan reken op God se nabyheid, daarom leer H ons om te bid "Ons Vader..." Hierdie woord –* Abba *– was 'n woord wat die Jode nooit gebruik het n hulle gebede nie. Jesus praat dood eenvoudig met sy Pa/Vader op dieselfde manier as wat 'n aardse kind wat veilig by sy pa is, sou.*

**Gebed vir dag 15**: "Dankie Hemelse Vader dat ons U, Vader mag noem. "

### DAG 16 (11 Junie)

**Matteus 6:6** "Nee, as jy bid, gaan na jou kamer toe, maak die deur toe en bid tot jou Vader wat jy nie kan sien nie. Jou Vader wat sien wat verborge is sal jou beloon."

*Vir Jesus was gebed belangrik en as ons 'n antwoord soek op die vraag: Hoekom moet ons bid, dan is die duidelikste antwoord: Omdat Jesus gebid het. Jesus het geweet watter waarde dit het om jou af te sonder, tyd te maak en met sy Vader te praat.*

**Gebed vir dag 16:** "Dankie Here, dat ons as u kinders mag kom, stil word en bid …"

### DAG 17 (12 Junie)

**Psalm 139:4** "Daar is nog nie 'n woord op my tong nie, of U, Here, weet wat dit gaan wees."

*Gebed is nie die manier hoe ek kontak met God maak nie. Dit is baie eerder die manier waarop ek reageer op God wat klaar teenwoordig is en klaar weet, of ek bewus is daarvan of nie. Voordat daar enige woord op my tong is, moet ek glo dat God graag naby aan ons wil wees en dan word gebed eerder die manier hoe ek kontak maak met die God wat klaar teenwoordig is.*

**Gebed vir dag 17:** "Here dankie dat U klaar by my is, ..."

### DAG 18 (13 Junie)

**Matteus 6:9-10** "...laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom, laat u wil geskied..."

*As ons bid help dit om te begin deur eerder aan God – hoe en wie HY is wat vir Hom belangrik is - te dink as aan ons eie behoeftes, nood en situasie. Moenie eerste kom met 'n lang vraelys nie – kom om*

*tyd deur te bring met hierdie God wat vir jou lief is. Die ontmoeting wat ek met God het in gebed is baie belangriker as enige iets wat ek kan vra.*

**Gebed vir dag 18:** Here, laat u Naam geheilig word en u koninkryk kom en u wil geskied in my lewe.

**DAG 19 (14 Junie)**

**Matteus 6:8** "Moet dan nie soos hulle (die Fariseers) maak nie, want julle Vader weet wat julle nodig het nog voordat julle dit van Hom vra."

*Die hoofdoel van gebed is nie om 'n klomp goed by God te kry nie, maar eerder om God te leer ken. I need God more than anything I can get from Him. Ons hoef nie God te probeer oortuig om om te gee nie, Hy gee klaar om, baie meer as wat ons ooit sal weet.*

**Gebed vir dag 19:** Here, Ek wil U leer ken ...

**DAG 20 (15 Junie)**

**Psalm 42:2** "Soos 'n wildsbok smag na water, so smag ek na U, o God."

*Dit is nie antwoorde op ons versoeke wat ons gebede en lewens bevredig nie, eerder 'n honger en soeke na God wat wat gestil word soos ek God se teenwoordigheid ontdek in gebed. Daar is groot waarde om aan te hou om God te soek, dit maak my hart en mond oop.*

**Gebed vir dag 20:** Here, ek smag na U...

**DAG 21 (16 Junie)**

**Psalm 42:6** "Waarom is ek so in vertwyfeling en waarom kerm ek so. Vertrou op God! Ja, ek sal weer vir Hom 'n loflied sing. Hy is my helper en my God. Uit my vertwyfeling roep ek na U..."

*Die Psalms (en baie nader plekke in die OT) wil ons leer dat ons in gebed eerlik met God mag wees. Ook Jesus heg groot waarde aan egtheid, daarom dalk sy stryd met die Fariseers. God moedig ons aan om ons hart uit te stort, om te sê wat ons werklik dink en voel. Dit is tog hoe verhoudings werk.*

**Gebed vir dag 21:** Here, U is my helper en my God. Ek sal aanhou om U te vertrou...

**VIR KLEINGROEPE**

**Gaan as groep weer saam deur al 7 dae (hierbo) en praat saam oor die volgende:**

- *Die hoofdoel van gebed is nie om 'n klomp goed by God te kry nie, maar eerder om God te leer ken*. Hoe kan ons God leer ken in ons gebede?
- Waarom is dit belangrik om eg en eerlik te wees in ons gebede?
- Wat is die een ding wat jy in hierdie week leer oor gebed?
- Watter Skrifgedeelte van hierdie week kan jou hiermee help?

- **Bid nou op die patroon van die 7 dae van hierdie week (dag 15-21)**.